



Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410



042-273-1335
042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 16/04 2021

Geagte Ouers/Voogde

1. **Bedankings:**

Baie dankie aan die OOV-verteenwoordigers vir die reël van die weeklikse OOV-verkope. Baie dankie ook aan almal wat dit ondersteun het. Ons het groot waardering daarvoor.

2. **Afsprake met skoolhoof:**

Ouers is baie welkom om 'n afspraak by mev. Daleen Strydom te maak as hul die hoof wil kom spreek oor iets wat hulle ongelukkig maak of net oor hul kind wil kom gesels.

3. **Vroeë skoolsluiting – Donderdag, 22 April:**

Die skool sluit op Donderdag, 22 April, om 12:00. Periodes 1 tot 6 gaan gevolg word. Die roetebusse vertrek om 12:05.

4. **Skoolsluiting vir vakansie – Vrydag, 23 April:**

Die skool sluit op Vrydag, 23 April, om 10:30 vir die vakansie. Periodes 1 tot 4 gaan gevolg word. Roetebusse vertrek direk daarna.

5. **Rapporte – kwartaal 1:**

Ouers moet asseblief daarop let dat leerders hul rapporte eers in kwartaal 2 gaan ontvang.

6. **Klerebank:**

Die klerewinkel is op Donderdag, 22 April, gesluit, maar sal op **Woensdag, 21 April**, vanaf 14:30 tot 15:00 oop wees.

7. **Wintersdrag:**

Wintersdrag is vanaf 3 Mei verpligtend.

8. **Kompetisie aangebied deur die VRL:**

Die VRL loods 'n lekker prettige kompetisie vir die laaste week van die lang eerste kwartaal – 'n lekkergoedbottelraai.

Leerders moet kan raai hoeveel jellielekkers in 'n bottel is as hulle R5 betaal. Die wenner moet korrek raai (of die naaste aan) en word op Vrydag, 23 April, aangewys. Die prys is die bottel lekkers. Jy mag soveel keer as wat jy wil inskryf.

Kom deel in die pret en onthou jou R5 vanaf Maandag tot Donderdag. Die VRL-lede sal by die klasse omgaan met die inskrywingsvorme of jy kan pouses deelneem.



9. **Karoo to Coast – fietswedren: 26 September 2021:**

Hierdie is weer 'n geleentheid vir Hoërskool McLachlan om geld in te samel. Ons soek bestuurders om deelnemers se voertuie van Uniondale na Knysna te neem. Die skool verdien R850 per voertuig. Indien u beskikbaar is, kontak Daleen Strydom by 042 2731335 of stuur 'n e-pos na info@hsmclachlan.co.za.

10. **Finansies:**

Die skoolfondsrekenings vir April sal per hand aan leerders gegee word – groep A sal dit op Vrydag, 16 April, ontvang en groep B op Maandag, 19 April. Ons versoek ouers vriendelik dog dringend om asseblief u finansiële verpligting teenoor die skool na te kom. Die skool het verpligte maandelikse uitgawes waarvan die betaling afhanklik is van skoolfonds wat geïen word. Ouers kan nie aanspraak maak op kwaliteit onderrig, wat u kinders wel by HS McLachlan ontvang, indien u nie u finansiële verpligting teenoor die skool nakom nie.

Bankbesonderhede: Bestuursliggaam HS McLachlan
ABSA Joubertina
Rekeningnommer: 1970 430047
Tipe rekening: Tjek
Takkode: 334415
Verwysing: KIND SE NAAM EN VAN

Ons doen weereens 'n vriendelike, dog dringende versoek, dat EFT-betalings se verwysings die betrokke leerder se naam en van op sal hê, én dat 'n betalingsbewys, met verduideliking waarvoor die inbetaling is, na mev. Mattheus by admin@hsmclachlan.co.za ge-e-pos sal word.

Die volgende elektroniese betalings is ontvang en as gevolg van gebrekkige verwysings, weet ons nie wie die betaling gedoen het nie. Sal die betrokke persone asseblief vir mev. Mattheus in hierdie verband kontak.

01.02.2021: Aftrekorder ABSA Bank
Verwysing: Alex School fee – R2 610,00
26.02.2021: Internetbetaling
Verwysing: Skoolgeld – R1 075,00

11. **Covid:**

Prosedure voor skool:

Die skool se hekke word elke oggend om **07:30** oopgesluit en word weer om **07:50** gesluit. Leerders wat na 07:50 by die skool opdaag, moet by die sekretaresse aanmeld.

Die volgende reëls moet asseblief vir almal se veiligheid nagekom word:

- Leerders moet by die hekke wag totdat dit oopgesluit word.
- Handhaaf asseblief die vereiste 1,5 m sosiale afstand aan die buitekant van die hekke.
- Leerders moet asseblief nie dorp toe of na vriende se huise toe gaan nadat hulle by die skool afgelaai is nie.
- Die dra van 'n masker (mond en neus bedek) is verpligtend wanneer leerders buite die hekke wag.

S. Pienaar

S. PIENAAR

Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan



Hoërskool McLachlan



McLachlan Internet Fasiliteit